
# Kragtige Bywoorde



## Wat is 'n Bywoord?

'n Bywoord vertel ons waar, wanneer of hoe iets gedoen word. Byvoorbeeld:

Plek (waar):
Die honde slaap buite.



Tyd (wanneer):
Ek eet soggens ontbyt.



Wyse (hoe):
Die perd spring baie hoog.



visit twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

# Aktiwiteit



1. **Lees die sinne hieronder en skryf 'n bywoord om die aksie in die sin te beskryf. Gebruik die leidrade in hakies en die woordbank hieronder om jou te help.**

a. Hulle het ______________________ netbal gespeel. (Tyd)


b. Sy bly ________________________ haar beste maat. (Plek)

c. Die kat beweeg baie ______________________. (Wyse)

d. Die musiek is baie _______________________. (Wyse)

e. Ons sal haar _______________________ gaan besoek. (Tyd)

| | | |
|---|---|---|
| langs | hard | tussen |
| naby | nêrens | mooi |
| môre | ordelik | lelik |
| gister | netnou | saggies |





twinkl
visit twinkl.co.za
twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS

**2. Lees die sinne hieronder en onderstreep die bywoorde:**

a. Ons eet heerlik aan die verjaarsdagkoek.
b. Ek sit buite en teken.
c. Sy sing baie mooi.
d. Sy vergeet partykeer om haar bed op te maak.
e. Die kat kruip onder die bed weg.
f. Ek kry nêrens my sokkerbal nie.
g. Die kinders stap ordelik by die klas in.
h. Ons smul lekkerbekkig aan die roomys.
i. Ons moet saans vroeg gaan slaap.
j. Hy eet daagliks vrugte.

**3. Rangskik nou die bywoorde wat jy onderstreep het in die regte groep**.

| Plek | Wyse | Tyd |
|---|---|---|
| | | |


twinkl Quality Standard Approved
LIVEWORKSHEETS